HOËRSKOOL
# JIM FOUCHÉ

VOLUME 13 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 9 MEI 2025



SIVVIEDAG 13 MEI

JF VERJAAR 16

SENTRAAL CLACH CLASSIC 17

**Volg JF SOSIALE MEDIA**

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

2025

# Mei

hello winter

| MA | DI | WO | DO | VRY | SAT | SON |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 30 1STE SPANNE:HOKKIE, RUGBY, NETBAL (RUSTENBURG, H/S BERGSIG). | 1 WERKERSDAG | 2 | 3 TROMPOPPIES | 4 |
| D 1 5 | D2 6 | D3 7 Tennisliga: MNR. & MEJ JF | D4 8 JF FJ | D5 9 DEBAT: VOORBEREIDE | 10 RUGBYLIGA: HTS | 11 |
| D 6 12 OLIMPIADE: AFR | D 1 13 SIVVIEDAG | D2 14 JF FJ Tennisliga: | D3 15 NETBALLIGA: EUNICE TALENT CLASH | D4 16 TALENT CLASH LANDLOOP LIGA 2 | 17 | 18 |



# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

'n Warm en hartlike groete vanuit die kantoor terwyl ek by die kantoorvenster uitkyk op 'n pragtige herfsdag in Bloemfontein. Daar is soveel pragtige plekke en besienswaardighede in ons land, maar herfs in die Vrystaat het maar net sy eie bekoring.
Ek glo dat die leerders die week van vakansie geniet het en nou reg is vir die tweede gedeelte van die tweede kwartaal. Baie baie geluk aan die eerste spanne wat JF met soveel trots by die Robday Bergsig Sportfees in Rustenburg verteenwoordig het. Die suksesse wat behaal is, was maar net die kersie op die koek… Rugby, netbal en hokkie was in 18 wedstryde betrokke gewees, waarvan hul 16 gewen het, 1 verloor het en in 1 wedstryd met 'n gelykopuitslag betrokke was. Neem gerus kennis van die uitsonderlike prestasies wat behaal is verder aan in die weekbrief. Wedstryde is nie net op die velde en bane gewen nie, maar ook van die veld af. Rustenburg weet nou van Hoërskool Jim Fouché in Bloemfontein.
Verder is daar ook kennis geneem van al die prestasies op die kultuurgebied. Redenaars (OppieTongAf, ARKV en Radikale redenaars) se puik uitslae word later in die weekbrief saamgevat, asook die kunsleerders se pryse en toekennings by die jaarlikse Bloemskou. #TrotsJFkultuur!
Die volgende paar weke is altyd 'n hoogtepunt soos wat ons opbou na die jaarlikse FNB Classic Clash teen Sentraal op 17 Mei 2025. Vir die matrieks van 2025, hul heel laaste Classic Clash, en vir die graad 8's hopelik die begin van 5 jaar se kragmetings… Voorwaar opwindende tye! Ek neem die vrymoedigheid om u aan te moedig om ons karnaval, wat saamval met die Classic Clashes, te ondersteun. Koop assseblief 'n minimum van vier(4) etekaartjies op die Karri-app en dit sal dan ook gratis toegang tot die skoolterrein verseker. Verder, kom ons oorweldig ons gaste van Sentraal met JF-gasvryheid, JF-vriendelikheid, JF-sportmangees en JF-menswees!

Intussen gaan al die plaaslike winterligas voort. Mnr. en mej. JF het op Woensdag 7 Mei 2025 plaasgevind. In al hierdie lekker tye moet u asseblief toesien dat die akademie nie skade ly nie, aangesien die Junie-eksamen minder as 4 weke weg is. Elke toets, elke opdrag en elke projek moet nougeset en betyds voltooi word. Elke punt dra by tot die kwartaalpunt van die leerder. Afwesighede en uitteken van leerders moet tot die absolute minimum beperk word.
In die fliek "Facing the Giants" vind die volgende gesprek tussen die voetbalafrigter en een van sy spelers plaas : "Brock, this is when it matters most. I know you are tired. It is easy to lead when you are strong, but now is when you lead us, right now."
Is u dalk geestelik moeg, of dalk fisies of emosioneel? U kind het u nodig, ons het mekaar nodig om voor te loop en leiding te neem wanneer daar niemand anders is nie. Die uitdaging is dus om nogsteeds, ten spyte van omstandighede die een te wees wat opstaan vir die regte beginsels, positiewe energie by te dra en opbouende kritiek te lewer. Die JF-gemeenskap is 'n baie spesiale gemeenskap, een waarop ek baie trots is…JF maak verseker die verskil.

NS. AAN AL DIE JF – MOEDERS, MET DIE OOG OP KOMENDE SONDAG SE MOEDERSDAG :

M – MEESTERSTUK VAN GOD
O – OPREG
E – ENGEL
D – DIERBAAR
E – EERLIK
R – REGVERDIG

ELKE MOEDER IS VOORWAAR 'N GESKENK UIT GOD SE HAND.
MAG JUL ELKEEN 'N GESEËNDE EN LIEFDEVOLLE MOEDERSDAG 2025 BELEEF!



**Vriendelike JF-groete**
**Henri Wilken**



# OUERBETROKKENHEID

**Die skool ervaar met dankbaarheid 'n sterk belangstelling van ouerbetrokkenheid by sport. U ondersteuning is 'n bewys van u lojaliteit. So ook ervaar u kinders u betrokkenheid as baie belangrik en ondersteunend.**

---

**Ons oordeel dat dit ook belangrik is om kennis te neem van u kind se belewing van dié ondersteuning.**

---

**Gesonde en gebalanseerde aanmoediging verrig wondere. Uitermatige reaksie of oorbetrokkenheid by oefeninge en wedstryde het negatiewe gevolge. Hierdie is ongetwyfeld ons definitiewe ervarings.**



## DAAR WORD DUS 'N BEROEP OP OUERS GEDOEN OM:

- te volhard om kinders ten alle tye **positief te motiveer** en **aan te moedig.**
- **nie betrokke te raak by die sport** tydens die duur van oefeninge nie.
- waar moontlik, liefs u kind **by die velde of bane te besorg en af te haal na afloop van die oefening.**
- die **spanpraatjie** voor, tydens halftyd en na afloop van elke wedstryd in die uitsluitlike **beheer van die afrigter oor te laat.**
- te onthou dat die **afrigters reeds bepaalde strategieë** met spanne bespreek het voor wedstryde.
- **u daarvan te weerhou om tydens wedstryde opmerkings teenoor spelers (nie noodwendig u kinders nie) te maak, wat hulle as voorskrifte van die kantlynaf beleef en dus verwarring saai.**
- die **oordeel van afrigters en skeidsregters** op en van die veld te aanvaar en dus nie hulle **integriteit te bevraagteken nie**. Geen ware opvoeder wil berekend en met opset enige leerder of span benadeel nie.
- **die sportbeleid van die skool te erken en respekteer.**



## TOESKOUERS BEHOORT:

- te onthou dat kinders aan sport deelneem vir hulle plesier.
- goeie individuele vertonings deur alle spelers en spanne te erken.
- beslissings deur skeidsregters en wedstrydbeamptes te eerbiedig.
- NOOIT enige speler, beampte, mede-toeskouer of afrigter verbaal aan te val of af te kraak nie.
- alle spelers positief aan te moedig.
- nie op 'n speler te skree nie, skree vir hom.
- alle spelers, ongeag die span waarvoor hy speel, aan te moedig .
- nie spelers af te kraak nie.
- te onthou dat ons slegs besig is met 'n spel – dit is nie 'n oorlog of 'n provinsiale wedstryd of 'n toets nie.

# MA`S WAT OMGEE



**Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!**

---

**ROM. 15:13**

UIT DIE KANTOOR VAN DIE

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

LOO

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# AS OUMA EN OUPA IN DIE ROL VAN VERSORGER GEPLAAS WORD.

Soms word Ouma's en oupa's in die rol van versorger geplaas weens verskeie situasies. Dit kan wees a.g.v. egskeidings, uitdagings met ouerskap of die verlies van 'n ouer. En dit gebeur meer as wat ons besef. Hierdie soort situasie veroorsaak soms unieke uitdagings en dié tyd en verwagting lyk heeltemal anders as wat u as ouma/oupa oor gedroom het. Hier is 'n paar wenke om so 'n situasie te hanteer.

**1.Kry 'n roetine**

Roetine, roetine, roetine! Dit kan nooit genoeg beklemtoon word in die lewe van 'n tiener nie. Dit is belangrik dat almal in die huis, wat soms 'n nuwe situasie is en baie anders lyk as hul ouerhuis, weet wat verwag word. Kommunikeer met jou kleinkinders oor reëls en verwagtinge en dat jy weet dit dalk verskil van hul ouerhuis. Jy moet intree en soms ongewilde keuses maak in die opvoeding van jou kleinkind.

**2.Wees eerlik**

Daar mag dalk vrae of inligting wees wat jou kleinkind oor die huidige situasie soek. Dit kan soms sensitief wees, maar dit is altyd die beste om eerlik met tieners te wees – hul is oud genoeg om te weet en weet bitter vinnig as iemand vir hulle jok. As ons oor moeilike goed kan gesels, leer dit hulle emosionele intelligensie en hoe om oor hulle emosies te kommunikeer.

*Dit kan soms sensitief wees, maar dit is altyd die beste om eerlik met tieners te wees*

**3.Behou kontak met familie (indien jy kan/mag)**

Die situasie verleen homself soms daartoe dat kontak met familie behou kan word, al mag dit uitdagend wees. Familielede kan vir jou as ouma/oupa ook 'n ondersteuningsisteem wees. Doen moeite om die kommunikasie te behou en positief daaroor te wees oor dit. As daar egter aanbeveel word dat kontak met familie nie mag gebeur nie, doen die regte ding.



*Dalk kan jy met iemand gesels wat ook in so 'n situasie is en sommige ervarings normaliseer vir jou.*

### 4. Vra vir ondersteuning

Omdat so 'n situasie as versorger met baie aanpassings kom, is dit verskriklik belangrik dat jy ondersteuning kry. 'n Kerk is 'n goeie begin, of 'n nie-winsgewende organisasie wat werk met families en versorgers. Dalk kan jy met iemand gesels wat ook in so 'n situasie is en sommige ervarings vir jou normaliseer.

### 5. Kyk mooi na jouself

Saam met die emosionele ondersteuning wat ons benodig, is dit ook belangrik dat jy na jou fisiese gesondheid kyk. Met ouderdom kom daar nuwe kwale en gesondheids uitdagings, wat moontlik stresvol vir jou en jou kleinkind kan wees. Dus moet jy mooi na jouself kyk. Wees ook eerlik met jou kleinkinders oor jou gesondheid en as aanpassings in terme van versorgers gemaak gaan moet word a.g.v. gesondheidsuitdagings – so kan almal planne maak.

*Dít het ewigheidswaarde.*

Al kan jou rol as versorger uitdagend wees, ervaar die meeste oumas en oupas hul tyd as versorger as 'n betekenisvolle een. Duidelikheid oor rolle en verwagtinge van alle partye maak gewoonlik die situasie meeste van die tyd makliker. Ouma en oupa – ons sien julle en julle harde werk vir julle kleinkinders raak. Dít het ewigheidswaarde.


Bronne:

https://blog.nchs.org/tips-grandparents-raising-their-grandchildren



# Kultuur

# KUNSTE AKADEMIE

***'Every artist was first an amateur' – Ralph Waldo Emerson***

Jim Fouché se Kunste Akademie bied 'n wye verskeidenheid kunsvorms aan. Om deel van die Kunste Akademie te wees moet elke leerder 'n bedrag van R150 registrasie betaal (Karri app). Dit is op Karri of by Juf Ilse (kontant) betaalbaar.

**Vir enige navrae, kontak Ilse Fourie (Kunste Akademie hoof).**
**066 231 9012 (ilsefourie@jimfouchehs.com)**

Die volgende aktiwiteite word aangebied:



Ilse Fourie

| Aktiwiteit | Kontakpersoon / Besonderhede | |
|---|---|---|
| Sang/Musiek Agste vak | Ilse Fourie | 066 231 9012 |
| Klavier, teorie, viool, Ukulele | Belinda Raath | 076 708 1940 |
| Drama | Elizri Malan | 062 023 6958 |
| Kuns | Adéle Opperman-Marais | 082 213 1345 |
| Dans | Santie van Biljon | 078 666 8140 |
| Dromme / Kitaar | Creare | 082 887 3001 |
| Kitaar | Dirk Kotze-Blaauw | 082 855 3186 |



Belinda Raath




Elizri Malan

Creare



Adele Opperman



Snatie van Biljon

## BLOEMSKOU-UITSLAE FOTOGRAFIE 2025


JEUGAFDELING

*1ste plek*

Nicole Hattingh











GRAAD 11

*A++*

Natalie White

Mekayla Carstens

GRAAD 11

*A+*

Natalie White

Sané Venter

Nellmari Maartens

GRAAD 11

*A*

Nina Smit


Cherizé Clarke

Marlene van der Merwe

GRAAD 10

*A++ & A+*

Natasha de Waal









# Kultuur

## JF-Kuns

**Pragtige uitslae is weereens tydend die Bloemskou behaal. Baie geluk julle!**





GRAAD 10

A++ Natasha de Waal





GRAAD 11


A++ Mekayla Carstens





GRAAD 11

A++ Natalie White













GRAAD 11

A++

Natalie White

Mekayla Carstens

GRAAD 11

A+

Natalie White

Sané Venter

Nellmari Maartens

GRAAD 11

A

Nina Smit

Cherizé Clarke

Marlene van der Merwe

GRAAD 10

A++ & A+

Natasha de Waal







GRAAD 12

A

Zani Botha

Marissa Ehlers

Dian van Wyk

Ruan Erasmus

2025









GRAAD 12

A+

Lisa Swanepoel

Leandré Lamprecht

GRAAD 12

A

# Kultuur
## REDENAARS

**Baie Geluk**
aan
***LeVyrle du Plessis***

Wat op 18 Oktober 2025 in Boksburg aan die Nasionale finaal van die Radikale Redenaars in die Leesafdeling sal deelneem.






## RADIKALE REDENAARS STREEKSFINAAL UITSLAE


*Lees (Prosa)*


LEVYRLE DU PLESSIS
GR 10
1STE PLEK


EBEN SANDER
GR 10
2DE PLEK


JOMARI SIEBERT
GR 10
2DE PLEK


KAMO TSOAELI
GR 10
3DE PLEK



KAYLA LABUSCHAGNE
GR 10
4DE PLEK


LISA BOTHA
GR 12
2DE PLEK


SUNÉ DEACON
GR 12
3DE PLEK

## RADIKALE REDENAARS STREEKSFINAAL UITSLAE

*Voorbereide redenaars*


JOAH DE VILLIERS
GR 8
2DE PLEK


CHENIQUE ERASMUS
GR 10
2DE PLEK


RIZÉ BIERMAN
GR10
4DE PLEK



LISA BOTHA
GR12
2DE PLEK

#trotsJF

## ONVOORBEREID EN DIE GOUE TONG: VOORBEREID


JOAH DE VILLIERS


JACOBUS LOURENS


HANNES DEACON

# SPORT

## KARATE
### BUITESPORT

**Divan Venter**

is gekies as lid van die Protea-span wat van 23 tot 31 Mei 2025 aan die UFAK *Region South Karate Championships* in Durban gaan deelneem.



## AKSIENETBAL

### o/21 Vrystaat



Danielle Greeff



Leané Coetzee



Enja Victor



Lizé Fourie



KB Blaauw

#trotsJF

# HOKKIE


# Robday Bergsig Festival



## SEUNS

JF wen 3 – 1 teen Overkruin
JF wen 5 – 0 teen Randburg
JF verloor 1 – 2 teen Affies 2
JF wen 2 – 0 teen Bergsig
JF wen 8 – 0 teen Rob Ferreira
Baie geluk aan JP Ehlers wat
as speler van die toernooi aangewys is.
















# RUSTENBURG

# HOKKIE

## Robday Bergsig Festival






## DOGTERS

JF wen 9 – 0 teen Rob Ferreira
JF wen 2 – 1 teen Frikkie Meyer
JF wen 2 – 0 teen RHS
JF wen 3 – 1 teen Bergsig
JF speel gelykop 0 – 0 teen Randburg

Baie geluk aan Joné Wiegand wat as speler van die toernooi aangewys is.














# RUSTENBURG

# NETBAL

# Robday Bergsig Festival

JF-netbal het deelgeneem aan die Robday Bergsig Sporttoernooi . Hier het ons 1ste netbalspan 6 wedstryde gespeel en onoorwonne weggestap.






**JF wen 46 – 21 teen Frikkie Meyer**
**JF wen 57 – 12 teen Fields**
**JF wen 56 – 23 teen Koster**
**JF wen 53 – 10 teen Grenville**
**JF wen 39 – 34 teen Bergsig**
**JF wen 57 – 7 teen Zeerust**



Drie van ons dogters is aangewys as speler van die wedstryd:
**Janeli Saaiman, Calista Viljoen en Elri Pieters.**
Baie geluk aan Elri Pieters wat na DRIE speler van die wedstryd-toekennings aangewys is as die o/18-speler van die Robday Bergsig Sporttoernooi.














# RUSTENBURG

# RUGBY

## Robday Bergsig Festival



**JF-rugby wen oortuigend in hul twee wedstryde tydens die Robday Bergsig Sporttoernooi.**



JF wen
43 – 15
teen
Hoërskool Dinamika



JF wen 67 – 17 teen Hans Moore







# RUSTENBURG

# HOKKIE

## Suid-Vrystaat HOKKIE



### DOGTERS

**O/14 C**

- Melenka Loubscher

**O/16 C**

- Martsó Horn

**O/21 SFS SQUAD**

- Joné Wiegand (non-traveling reserve)

### SEUNS

**O/14 B**

- Joah de Villiers
- Ruan Sander

**O/16 A**

- Eben Sander

**O/16 C**

- Wessel Lombaard
- Werleo Deetlefs
- Jayden Barlow

**O/18 A**

- Gurshwin Matebesi

**O/18 B**

- JP Ehlers
- Zeezo Pheiffer
- Logan Mthini
- Shermon Paulsen

# HOKKIE



**Hokkieuitslae: Week 3**

**22/4/2025**

O/16C dogters wen 4 – 0 teen Brebner

O/16C seuns verloor 0 – 2 teen MDP A

O/16B seuns wen 4 – 0 teen Grey E



**23/4/2025**

O/16A dogters verloor 0 – 1 teen OMS B

O/14B seuns verloor 1 – 2 teen Grey D

**24/4/2025**

O/16A seuns wen 2 – 0 teen Grey C

**25/4/2025**

O/14A seuns verloor 0 – 5 teen Saints A

O/16A seuns verloor 0 – 1 teen Saints A

1ste seuns speel gelyk 2 – 2 teen Saints 1

Baie geluk aan elke speler, afrigter en spanbestuurder wat gekies is vir Suid-Vrystaatspanne.

#trotsJF

**JF-personeel verkies:**

**Afrigters**

Seth Botha (seuns) o/16 C

Graham Seager (seuns) o/18 B

Nadia van Staden (dogters) o/18 B

Cara-Ann Wiegand (dogters) o/16 C

**Spanbestuurders**

Chanté Fry (dogters) o/18 A

Tamia Bosch (dogters) o/16 C

HOKKIE

# SPORT

**Pluimbal**

**Baie geluk aan die pluimbal met die volgende uitslae by die jaar se SA-Skole kampioenskappe: Beide ons spanne eindig tweede in hulle groep, maar verloor toe ongelukkig in die semi-finaal. Albei spanne eindig algeheel 4de in hulle onderskeie groepe.**



**Baie geluk aan Christiaan Botha, ons seuns se kaptein, wat as die 4de beste enkelspeler van die kampioenskap aangewys is.**

#trotsJF



# LIGA-Bepalings

| | | |
|---|---|---|
| 15 MAART | JF vs. TRIO | (W) |
| 21 MAART | JF vs. VOORTREKKER | (T) |
| 12 APRIL | JF vs. FICHARDTPARK | (T) |
| 17 MEI | JF vs. SENTRAAL | (T) |
| 31 MEI | JF vs. DIAMANTVELD | (W) |
| 26 JULIE | JF vs. WITTEBERG | (W) |
| 2 AUGUSTUS | JF vs. GOUDVELD | (T) |

UFS
novus media community news
jf.co.za

# RUGBY


2025
H/S JIM FOUCHÉ
RUGBYKALENDER
GREEN MACHINE
APRIL
12 TUIS
FICHARDTPARK
MEI
10 TUIS
HTS LOUIS BOTHA
17 TUIS
SENTRAAL
24 TUIS
LANDBOUDAL
31 WEG
DIAMANTVELD
SUPERSPORT SCHOOLS
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS. HTS LOUIS BOTHA
10 Mei 2025
Hoërskool Jim Fouché
A-VELD
B-VELD
09:00-10:10 TWEEDE SPAN
09:00 - 09:50 0/14 A
10:20 - 11:20 0/16 A
10:00 - 10:50 0/15 A
11:30 - 12:40 EERSTE SPAN
#JFRugby
KONICA MINOLTA
KovsieSport
UFS

# RUGBY

# HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## SPORTBORGE 2025

## RUGBY - NETBAL - HOKKIE


KONICA MINOLTA

Bidvest

KWIKSPAR

GARDENIA

SHC CONSULTING ENGINEERS

STONEY'S
Wheel & Tyre

# LEKKER ETES TEEN BEKOSTIGBARE PRYSE!



**HUIS ANTON VAN WYK BIED VARS, SMAAKLIKE KOSHUISETES ÉN ETES VIR SPESIALE GELEENTHEDE!**

**MIDDAGETE: SLEGS R30**
**AANDETE: SLEGS R50**

**ONS VOORSIEN OOK SPYSKAARTE VIR FUNKSIES, VERGADERINGS EN ANDER SPESIALE OOMBLIKKE.**

## Huis Anton van Wyk

**KONTAK ANNETTE MAARTENS VIR MEER INLIGTING EN BESTELLINGS:**
**084 886 7419**
**ANNETTEMAARTENS@JIMFOUCHEHS.CO.ZA**

## JOU HUIS WEG VAN DIE HUIS!

ONDERSTEUNERS

# PRYSLYS








PETTE R166





LIP BALM
R30

BUFF



R100

BREËRANDHOED

R230



BESTEL OP KARRI



R80

Bestel en betaal op Karri



STROOIHOED




KOMBERS
R160
150cm x 150cm



WWW.JF.CO.ZA

# PRYSLYS

# BESTEL OP KARRI









**WIT KORTMOU KATOENHEMP**




**GOLFERS R340**



**TOPS R580**





**BUFFS**

**#TROTSJF**

OOK BESKIKBAAR BY DIE JF-KLEREBANK


HET JY AL JOU NUWE JF-PIN?
R80
Bestel en betaal op Karri
karri
POWERED BY NEDBANK

# MNR. EN MEJ.

2025



# MNR. EN MEJ.




Nerika Casaleggio
**Mej.Fotogenies**


Adrian de Necker
**Mnr.Fotogenies**


Zeezo Pheiffer
**Mnr. Persoonlikheid**


Niqlynn Coetzee
**Mej. Persoonlikheid**









Danelle Gouws



Zeezo Pheiffer







Danelle de Ru






Arthur Kayser








Niqlynn Coetzee







Franco Oberholzer



Janeli Saaiman
Hanro Marais
Robyn Viljoen
Tristan Russell
Nerika Casaleggio
Adrian de Necker


Carli Momberg
Bendré Vermaak
Lana Ceronio
Rico Neethling
Night at the Nile

# Baie dankie aan die borge:

# *Night at the Nile*

Lilly's Biltong Bar (Since 2017)

Fancy Face
GENERAL DEPARTMENT STORE

Roekeloos Lief
Genuine Leather Products

WELL SUITED
RENTS FOR GENTS
SUIT RENTAL AND PURCHASE
BLOEMFONTEIN
CALL 0614038458
BY APPOINTMENT ONLY
11 MIMOSA PARK SMALL HOLDING, R700/BULTFONTEIN ROAD
(8KM FROM NORTHRIDGE MALL)

PANAROTTIS®
PIZZA & PASTA

Thai Liscious Ice Cream Bar

CAPEDRY™
CAPE DRIED FRUIT PACKERS

WIMPY

Fragrant House
fine french fragrance

Xquisite
Hair | Extentions | Nails | Lashes

THE ROYAL BREW

OB

MUGG & BEAN

E | models

Signature
cosmetics & fragrances

Headline Barbers

PHB
Pure Hair & Beauty
082 892 4348 / BOOKSY

eden TECH

Eden Tech

VAN TONDER PHOTOGRAPHY

# Night at the Nile

















HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
CLASSIC CLASHES™
WERK EN WEN
Hoërskool Jim Fouché
vs.
Hoërskool Sentraal
GS
13 - 18 Mei 2025

# PROGRAM

## MAANDAG:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dink of Sink (Debat) | 13:00 | JF | Intern (JF vs. JF) |
| Dink of Sink (Debat) | 14:00 | JF | Multisentrum |

## DINSDAG:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Spelfees | 14:00 | JF | Klaskamer 28 en 29 |

## WOENSDAG:

| | | | |
|---|---|---|---|
| JFFJ<br>Praise and Worship | 18:00 -20:00 | JF | JF-skoolsaal<br>Toegang: Enige blikkieskos |

## DONDERDAG:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Personeelfunksie | 17:00-18:00 | JF | Personeelkamer |
| Talent Clash en sokkie | 18:00- 21:30 | JF | Skoolsaal |

## VRYDAG

| | | | |
|---|---|---|---|
| Personeel- en borgefunksie | 18:30 | JF | Multisentrum |

# POTSPEL

## WOENSDAG - 14 MEI

| |
|---|
| E - span |
| D - span |
| C - span |
| B - span |
| A - span |

5 Spelers per span. Wedstryde word by Tempe gespeel.

13:00 begin die E-span speel, werk op na die A-span.

# TENNIS

## DONDERDAG - 15 MEI

| |
|---|
| A - span seuns |
| A - span dogters |

13:15 - Wedstryde begin

6 spelers per span.

16:30 - Prysuitdeling


# JIM FOUCHÉ VS. SENTRAAL

# SKAAK

## VRYDAY - 16 MEI

| |
|---|
| A - span |
| B - span |
| C - span |
| D - span |

14:00 in JF se skoolsaal.



# JIM FOUCHÉ VS. SENTRAAL

# Hokkie

## DONDERDAG - 15 MEI

| | |
|---|---|
| 15:00 | o/14 B Seuns |
| 16:00 | o/16 B Seuns |

## VRYDAG - 16 MEI

| | |
|---|---|
| 13:00 | o/14 A Dogters |
| 13:55 | o/16 B Dogters |
| 14:50 | o/16 A Dogters |
| 15:55 | o/18 A Seuns (Eerste span) |
| 17:00 | o/18 A Dogters (Eerste span) |

## SATERDAG - 17 MEI

| | |
|---|---|
| 07:00 | o/18 B Seuns |
| 07:55 | o/16 A Seuns |
| 08:50 | o/14 B Dogters |
| 09:45 | o/18 C Dogters |
| 10:40 | o/14 A Seuns |
| 11:35 | o/18 B Dogters |

# JIM FOUCHÉ VS. SENTRAAL

# NETBAL

## SATERDAG - 17 MEI

| TYD | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 | BAAN 4 |
|---|---|---|---|---|
| 09:00 | o/14 A | o/16 B | o/14 C | o/16 D |
| 09:35 | o/15 A | o/15 C | o/19 D | o/16 E |
| 10:10 | o/17 A | o/14 B | o/14 E | |
| 10:45 | o/16 A | o/19 C | o/15 B | o/16 C |
| 11:20 | o/19 B | o/14 D | o/15 D | |
| 12:15 | Eerste span | | | |

# JIM FOUCHÉ VS. SENTRAAL

# RUGBY

## SATERDAG – 17 MEI

### A-VELD

| | |
|---|---|
| 09:00 – 09:50 | o/14 A |
| 10:00 – 10:50 | o/15 A |
| 11:00 – 12:00 | o/19 B |
| 12:20 – 13:20 | o/16 A |
| 14:15 | Eerste span |

### B-VELD

| | |
|---|---|
| 09:00 – 10:10 | o/19 C |
| 10:20 – 11:20 | o/16 B |
| 11:30 – 12:20 | o/14 B |
| 12:30 – 13:20 | o/15 B |

# JIM FOUCHÉ VS. SENTRAAL

Ons speel om te wen

Nie vir die glorie nie, maar vir die trots

van my skool.

Jim Fouché

Met oorgawe, maar gedissiplineerd.

Vir die kameraadskap

wat deur elke oefening en elke punt

opgebou word.

Om elke wedstryd, hoe onbelangrik ook al,

die beste geleentheid te maak.

Met ons oë gerig op die wenstreep,

ons harte, gerig op God.

Michelle le Roux
Hokkie kaptein
2000

# JIM FOUCHÉ VS. SENTRAAL

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
Oester JF
Die storie agter die stories
Volg ons op

# AFRIKAANS WORD 100 JAAR OUD!






**Skrywer:**
Ansje Bekker

Waar ook al daar Afrikaans is, is daar kans vir saam praat, saam luister en saam staan. Kans vir opbou ... sonder ophou. Kans vir skep – vreesloos en skaamteloos. Kans om elke tree in een reusesprong te verander.

Afrikaans vier in 2025 haar eeufees as amptelike taal. Hoewel ons die taal al vir honderde jare gebruik, vier ons op 8 Mei 2025 ’n besonderse mylpaal: 100 jaar sedert Afrikaans amptelik erken is.

Maar wat beteken dit juis wanneer ’n taal amptelike status verwerf? Dit beteken dat die taal deur die regering wetlik erken word vir gebruik in onderwys, regspraak, administrasie en openbare lewe. Vir Afrikaans het hierdie geskiedkundige oomblik op 8 Mei 1925 aangebreek — ’n oomblik wat die weg gebaan het vir die taal om te floreer in skole, universiteite, parlemente en selfs howe. Afrikaans het binne enkele dekades van ’n huistaal tot ’n volwaardige akademiese taal ontwikkel — een van die vinnigste taalontwikkelings ter wêreld. Dit is ’n merkwaardige prestasie, getuig van gemeenskappe wat trots, toewyding en vasberadenheid beliggaam.

*Afrikaans is vandag een van Suid-Afrika se elf amptelike tale, en dié ryk nalatenskap word onder meer gevier met die Afrikaanse Taalmonument in Paarl.*

Die monument dien as ’n sigbare baken van hoop vir die ontwikkeling en erkenning van álle Afrikatale. Geïnspireer deur die natuurlike omgewing en Afrikaanse skrywers se beskrywings van die taal, het Jan van Wijk — die argitek — ’n simboliekbelaaide struktuur ontwerp wat organies met die inheemse fynbos versmelt. Water, rots en taalwortels vloei saam om ’n ewiggroeiende taalboom te vorm — stewig gewortel in Afrika.

Afrikaans is veelsydig, kleurvol en uniek. Dit bevat treffende taalverskynsels, boeiende woorde en betekenisvolle idiome. JF-leerders en -onderwysers is duidelik passievol oor Afrikaans. By JF het ons selfs ’n biblioteek, gestig deur juffrou Annali Wilken – ’n plek waar stories leef. Ons onderwysers se liefde vir die taal is aansteeklik… en dít is hoekom JF-leerders so gaande is oor Afrikaans! ’n Paar van hul gunsteling-Afrikaanse woorde sluit in: lukraak, kraakvars, poenankies, sloertoer en flaterwater.

Wat ’n heerlike skatkis van woorde!

Laastens — ’n interessante feit: Afrikaans word internasionaal as een van die maklikste tale beskou om aan te leer. Met ’n eenvoudige, moderne grammatika, geslagsvrye naamwoorde en ’n oorvloed beskrywende en idiomatiese uitdrukkings, is Afrikaans nie net toeganklik nie, maar ook ongelooflik kreatief. Jaarliks verruim ons die taal met oorspronklike, nuwe woorde – ’n bewys van Afrikaans se lewenskragtigheid en aanpasbaarheid.

Mag 8 Mei vir elkeen ’n dag van viering wees – ’n dag om ons geliefde taal te eer! Dink gerus aan jou eie gunsteling-Afrikaanse woord, idioom of boek… en vier saam!